**Vernietiging van gesmokkelde en onwettige sigarette ter waarde van R43 miljoen**

12 Junie 2023 – Die doeane-afdeling van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) het vandag begin om onwettige en gesmokkelde sigarette, ter waarde van R43 miljoen, by die Beitbrugse grenspos te vernietig.

SARS se adjunk-kommissaris, mnr. Johnstone Makhubu, het gesê dat 'n groot volume sigarette vernietig sal word, in totaal 2 000 meesterkiste, of 20 miljoen sigarette, wat beteken dat die vernietiging, van die onwettige en gesmokkelde sigarette, waarskynlik 'n paar dae sal neem.

Die onwettige en gesmokkelde sigarette is gekonfiskeer in operasies deur veelvuldige agentskappe, asook toegewyde en intelligensie-gedrewe operasies, as deel van die doeane-afdeling se tabakstrategie, gelei deur hulle nasionale spoedreaksiespan, gereeld ondersteun deur die Suid-Afrikaanse Weermag (SAW), die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) en dié se Valke-eenheid, asook die immigrasie-afdeling van die Departement van Binnelandse Sake.

Die adjunk-kommissaris het bygevoeg dat in een sodanige operasie, in Februarie vanjaar by die Beitbrugse grenspos, is:

- 'n Totaal van 1 211 meesterkiste onwettige sigarette, met handelsmerke Remington Gold, Chelsea en Royal Express, met 'n geskatte waarde van R26 miljoen, gekonfiskeer.
- Vier mense in hegtenis geneem en kriminele sake geopen ten opsigte van die handeldryf en smokkeling van onwettige sigarette.
- 4 trokke, een bakkie en een trekker met 'n sleepwa, met 'n geskatte waarde van meer as R3 miljoen, teruggehou, wat gebruik is om onwettige sigarette te vervoer,.

SARS, insluitend sy doeane-afdeling, het die strategiese oogmerk om vrywillige nakoming onder belastingpligtiges en handelaars te bevorder. Dit beteken dat SARS strategiese oogmerke het om dit maklik en eenvoudig te maak om verpligtinge na te kom, inligting en onderrig te verskaf vir helderheid en sekerheid, en om die duur en moeilik te maak vir diegene wat met opset weier om nakomend te wees.

"Dit beteken dat SARS geen verdraagsaamheid het vir persone of organisasies wat by belastingmisdaad en onwettige handeldryf betrokke is nie, en dat SARS hulle meedoënloos sal naspoor."

Onwettige handeldryf beroof die regering van broodnodige inkomste en verwoes industrië, wat werkloosheid, armoede en ongelykheid vererger. Die onwettige produkte wat ingevoer of uitgevoer word, sluit, onder andere, tweedhandse voertuie, pluimvee, klerasie, leer en tekstiel, noodsaaklike infrastruktuur (koper en staal) en goud in. 'n Interagentskapswerkgroep (IAWG) is saamgestel om alle aspekte van onwettige handeldryf te hanteer.

Die direkteur van doeane en aksyns mnr. Beyers Theron, het gesê dat, as deel van sy vooruitsigte beplanning, het Doeane maatreëls in plek gestel om aan nakomende handelaars voordele te bied deur die geakkrediteerde ekonomiese bedryfsmodel. Hierdie voordele sluit kostebesparings en vinniger omkeertye, onder andere, in. Soortgelyk, is SARS besig om slim grenstegnologie te installeer om sy nasporingsvermoë en reaksie op nienakoming te verhoog.

“Sedert die inwerkstelling van sy gekoördineerde en gefokusde ondersoeke wat Doeane die afgelope drie jaar in die tabak- en sigaretindustrie uitvoer, kan ‘n merkwaardige skuif jeens verhoogde oorgrense smokkelary deur die gebruik van “lopers”. Hierdie is nie individue wat sigarette smokkel as entrepreneuriese geleentheid nie, maar georganiseerde misdaadsindikate wat armes en werkloses uitbuit deur individue as lopers in diens te neem om goedere, soms vir myle ver, oor grense te dra.

“Hierdie lopers dra minstens twee meesterkiste onwettige sigarette, per lopie, op hul rue, en herhaal gereeld hierdie lopies veelvoudige kere. Hierdie sigarette word dan op trokke, klein goedere waens, motors en taxi’s, wat op plekke langs die grens wag, gelaai vir verspreiding na hul beplande bestemmings op die plaaslike mark,” het mnr. Theron gesê.

Vir meer inligting, kontak SarsMedia@sars.gov.za